

GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN DIE HEILIGE JOSEF, EGGENOOT VAN MARIA

Wees gegroet heilige JOSEF,
u is met goddelike genade vervul
om die aardse vader van die
Heilige Huisgesin te wees.

Ons Verlosser het in u arms gerus
en voor u oë groot geword.

Geseënd is u onder alle manne en
geseënd is JESUS,
die goddelike kind
van u maagdelike bruid

Heilige JOSEF, u was vader vir
die Seun van GOD,
bid vir ons in ons sorge,
vir ons gesinne,
ons gesondheid en werk
tot aan die einde van ons lewe,
en staan ons by
in die uur van ons dood.
AMEN.

